## 12 Junie Handelinge 2:1-13 (2:3)

### *Pinkster - God se ingryping in menslike optrede*

Terwyl die gelowiges op Pinksterdag byeen was, is die Heilige Gees uitgestort. Die uitstorting het gepaard gegaan met die geluid van 'n geweldige rukwind. Verder het daar tonge soos van vuur op elkeen gekom. Hulle kon hierdie vuurtonge met hul oë sien. Johannes die Doper het mos geprofeteer (Matt 3:11) dat daar na hom Een sou kom wat met water en vuur sou doop. Ook hier het die vuur (net soos die wind) nie op God se oordeel gedui nie. Die vuurtonge was teken van suiwering en loutering.

Hierdie vuur brand harte skoon en suiwer harte om God se wil te doen. Soos 'n vuur harde kerswas laat smelt, só sou die Heilige Gees harte sag maak en mense opwek om geloofsvrugte te dra.

Pinkster bring ons weer eens diep onder die indruk van wat Jesus Christus vir sy kerk op aarde gedoen het. Hy het sy kerk deur sy Gees toegerus vir hul taak in die wêreld. Daarom ... kerk van die Here ... moenie vassteek by die "dat" van die gawe van die Heilige Gees nie. Elke gelowige moet vanselfsprekend ook kom by die "wat" van die gawe van die Heilige Gees. Ek, wat uit genade óók die gawe (en die gawes) van die Heilige Gees ontvang het... wat maak ek met daardie Godgegewe gawes?

Ek is immers sag gemaak deur... onder invloed van... die Heilige Gees. Ek is opgewek en toegerus om geloofsvrugte te kan dra. Die Gees het beheer oorgeneem van my lewe. Daarom wil ek elke dag as deel van die Here se kerk vir Hom lewe.

Sing: Skrifberyming 13:2, 5, 7 Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)